

https://dspace.org/

Die wording van Afrikaans gedurende die 17e en 18e eeue microfiche

Coetzee, Abel Johannes

2015-02-09
http://hdl.handle.net/10539/16941

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

DIE WORDING VAN AFRIKAANS GEDURENDE DIE 17e EN 18e EEUE.

Deel I.

1652 - 1806.

Deur

A.J.Coetzee.

Universiteit van die Witwatersrand.

Johannesburg.

1930.

[Thesis M.A.]

UNIVERSITY OF THE WITWATERSRAND
31 MAR 1941
LIBRARY

Theses.

Inhoud.

a. Inleiding. bls.1 - 12.

1. Doel en Metode.
2. Afbakening van die Tydvak.
3. Gebruikte Bronne.
4. Moeilikhede verbonde aan die Studie.

Afdeling I. bls.13 - 143.

Die Verhouding van die verskillende Taalgroepe aan die Kaap tydens die 17e en 18e Eeue.

1. Historiese Oorsig.
   a. Kolonisasiegeskiedenis.
   b. Uitbreiding van die Kolonie.
   c. Algemene Landstoestande.

2. Teorieë oor die Ontstaan van Afrikaans wat nog in die veld is,
   a. Spontane-ontwikkelings-teorie.
   b. Maleis-Portugese-teorie.
   c. Vreemdelinge-Nederlands-teorie.

3. Die Europese Taalgroep.

   A. Die Nederduitse Taalgroep.

      a. Kompanjiesdienaars.
         i. Ampetenare.
         ii. Matrose.
         iii. Soldate.

      b. Vryburgers.

   B. Ander Europese Groepe.

      a. Die Hoog-Duitsers.
      b. Die Franse.
      c. Die orige groepe, w.o. die Engelse.

4. Die Inboorling Taalgroep.

   a. Die Boesmans.
   b. Die Hottentotte.

5. Die Oosterse Taalgroep.

6. Samevattende Beeld oor al die Taalgroepe gedurende die verloop van die Tydvak.

7. Die Deftige Taal in algemene Trekke.

a. Deftige spreektaal - kansel - skool - huisgodsdiens.
b. Deftige skryftaal - vir daaglikse en amptelike gebruik.

Afdeling II.

Taalverskynsels.

Hoofstuk I.

bls.145-202.

Klankleer.

1. Algemene Nederlandse Toestand in die 17e eeu.
- Opkoms van die Algemeen-Beskaaf - plaaslike verskille - rol van die dialekte.
- Skryfwyse van geletterdes en ongeletterdes.

2. Hoe die bronne gebruik moet word.

3. Die Klinkers.

I. In die onbetoonde Lettergreep.
a. Geskiedkundige verloop in Nederland tot in die 17e eeu, en voorbeelde wat nog in Afrikaans voortleef in die spreek- en skryftaal.
b. Uitstoting.
c. In die sinsverband.
d. Ander oorgange en wisselvorme.

II. In die betoonde Lettergreep.
a. Algemeen.
b. Ou Nederlandse wisselinge wat in ons tydvak voortleef.
c. Ontronding.
d. Spontane vertaling.
e. Hiperkorrekte vorme.
f. Die aangevoegde 1.
g. Analogiewerking.

4. Die Medeklinkers.
A. Epentesis.
B. Sinkope.
C. Die lotgevalle van die Medeklinker tussen die Klinkers.
D. Assimilasie.
E.

7. Die Deftige Taal in algemene Trekke.

a. Deftige spreektaal - kansel - skool - huisgoddiens.
b. Deftige skryftaal - vir daaglikse en amptelike gebruik.

Afdeling II.

Taalverskynsels.

Hoofstuk I.

bls.145-202.

Klankleer.

1. Algemene Nederlandse Toestande in die 17e eeu.
   - Opkoms van die Algemeen-Beskaaf - plaaslike verskille - rol van die dialekte.
   - Skryfwyse van geletterdes en ongeletterdes.

2. Hoe die bronne gebruik moet word.

3. Die Klinkers.

I. In die onbetoonde Lettergreep.
   a. Geskiedkundige verloop in Nederland tot in die 17e eeu, en voorbeelde wat nog in Afrikaans voortleef in die spreek- en skryftaal.
   b. Uitstoting.
   c. In die sinsverband.
   d. Ander oorgange en wisselvorme.

II. In die betoonde Lettergreep.
   a. Algemeen.
   b. Ou Nederlandse wisselinge wat in ons tydvak voortleef.
   c. Ontronding.
   d. Spontane vertaling.
   e. Hieperkorrekte vorme.
   f. Die aangevoegde j.
   g. Analogiewerking.

4. Die Medeklinkers.
   A. Epentesis.
   B. Sinkope.
   C. Die lotgevalle van die Medeklinker tussen die Klinkers.
   D. Assimilasie.
   E.

E. Omsetting.
F. Wisseling van die dentale en velare n.
G. Ander wisselinge.

5. Samevatting en Gevolgtrekkinge.

Hoofstuk 2. bls.203-251.

Die Woordvoorraad.

I. Cronologiese Lys van Woorde.
A. Taalverryking.
B. Taalverarming.

II. Samevatting en Gevolgtrekkinge.

Hoofstuk 3. bls.252-288.

Vormleer en Sintaksis.

I. Die Werkwoord.
A. Verwarring van die Persoonsvorme.
B. Defleksie.
C. Verwarring van die Sterk en Swak vorme van die Werkwoord.
D. Vrieg as verlede tyd.
E. Die ge- by die verlede deelwoord.

II. Die Voornaamwoord.
A. Ons as nominatief.
B. Wat as betreklike voornaamwoord.

III. Die Lidwoord.
A. Verwarring van die geslag van die woorde.
B. Die as die enigste bepalende lidwoord in Afrikaans.

IV. Die Dubbele Ontkenning.
A. Erfgoed.
B. Nie + nie.

V. Die Verkleiningsvorm.
A. Klein plus die verkleinwoord.
B. Die voorliefde vir verkleinwoorde.

Afdeling III. blz.295-

Slotsom. . .

'n Beskouing van die verskillende ontstaansteories in die lig van ons ondersoek, en 'n gronologiese samevatting van die wording van Afrikaans.

Aanhangsel.

Lys van Geraadpleegde Werke.

INLEIDING

o.o.o.o.o.o.o.o.o.o.o.o

1. DOEL EN METODE.

Hierdie ondersoek het ten doel die ontwikkeling van Afrikaans gedurende die 17e en 18e eeus. Daarby hou ek rekening met die verskillende teorieë wat daar in die veld is oor die ontstaan van Afrikaans. Waar ek gaan in die eerste plek uit van dokumentêre gegewens, met die doel om te dien welke lig hulle op die ontstaanskwessie werp. Aan die hand van die dokumentêre gegewens wil ek dan sover as moontlik die verdere ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans nagaan.

2. AFBAKENING VAN DIE TYDVAK.

My tydvak begin met die stigting van die Nederlandse volksplanting aan die Kaap in 1652. Dit strook by die jaartal waarin die Kaap vir alle praktiese doeleindes oorgegee is in die hande van groot Brittanje in 1806 - 'n gebeure wat later deurmiddel van 'n s.g. konvensietraat bekragtig is. Dit blyk 1806 as die eindpunt van my tydvak omdat in daardie jaar al die bande wat Nederland verbind het, vergoed verbreek is.

INLEIDING.

3. DIE BRONNE [illegible]

By 'n ondersoek van hierdie aard, het ons die volgende bronne tot ons beskikking :-

(a) Argiefstukke. Dit sluit in o.a.,

1. Die Kriminele Proces Stukken.

1 DOEL EN METODE.

Hierdie ondersoek het ten doel die ontwikkeling van Afrikaans gedurende die 17e en 18e eeue. Daarby hou ek rekening met die verskillende teorieë wat daar in die veld is oor die ontstaan van Afrikaans. Maar ek gaan in die eerste plek uit van dokumentêre gegewens, met die doel om te sien welke lig hulle op die ontstaanskwessie werp. Aan die hand van die dokumentêre gegewens wil ek dan sover as moontlik die verdere ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans nagaan.

2. AFBAKENING VAN DIE TYDVAK.

My tydvak begin met die stigting van die Nederlandse volkeplanting aan die Kaap in 1652. Dit eindig by die jaartal waarin die Kaap vir alle praktiese doeleindes oorgegee is in die hande van Groot Brttanje in 1806 - 'n oorgawe wat later deurmiddel van 'n s.g. Koopkontrak bekragtig is. Ek kies 1806 as die einddatum van my tydvak omdat in daardie jaar al die bande kolonie met Nederland verbind het, vergoed verbreek is.

3. DIE GEBRUIKTE BRONNE.

By 'n ondersoek van hierdie aard, het ons die volgende bronne tot ons beskikking :-

(a) Argiefstukke. Dit sluit in o.a.,

1. Die Criminele Proces Stukken,

ii. Criminele en Civiele Rechts Rollen,

iii. Civ. Proces Stukken,

iv. Die dagverhaal van die goewerneurs,

v. Testamente,

vi. Inkbriewe, ens.

Van die genoemde Argiefstukke het ek my aandag hoofsaaklik bepaal by die Criminele Proces Stukken, omdat ons uit die aard van die saak hier kan verwag om die taal van die koloniste e.a. inwoners van die Kaap, te kry. By die deurlees van die eerste jaargang het dit egter geblyk dat die kriminele sake nie "verbatim" weergegee word nie maar "in substantie". Dit het my dan daartoe gelei om net my aandag te bepaal by die briefies van die koloniste e.a. persone wat bewaar gebly het in die verskillende jaargange. Omdat die briefies eers vanaf die helfte van die 18e eeu taamlik veelvuldig word, was dit nodig om my gegewens vir die 17e eeu en vir die eerste helfte van die 18e eeu aan te vul. Vir die tweede deel van die 18e eeu is daar voldoende gegewens in die Criminele Proces Stukken. Die leemte het ek aangevul uit die Testamenten (1689-1762), Criminele en Civiele Rechts Rollen (1652-1746), en Civiele Proces Stukken (1708-1759.)

'n Mens sou natuurlik nie teveel gegewens verwag uit so 'n reeks soos die Testamenten nie,

want dit is gewoonlik dokumente wat opgestel word deur regsgeleerdes. Hier kry ons dan gewoonlik die stywe geregstaal. Maar selfs in hierdie reeks kry ons soms 'n dokumentjie wat deur een of ander burger opgestel is.

Van die Dagverhaal van die Goewerneurs het ek net gebruik gemaak van die gedrukte dele, d.i. die van J. van Riebeek. Die ander is nog in handskrif en ek het nie die tyd tot my beskikking gehad om dit deur te werk nie. Daarby het die goewerneurs gewoonlik ook 'n taamlike goeie kennis van die Nederlandse skryftaal gehad.

My eie gegewens het ek verder ook aansienlik aangevul uit die gedrukte artiekels van Prof. Franken in Die Huisgenoot en die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Hy het vriendelik sy gegewens tot my beskikking gestel.

(b) Reisbeskrywings. Sommige van die eerste reisigers het baie belangrike aanmerkinge gemaak wat lig werp op taaltoestande, ens., b.v. le Vaillaint, Kolbe, Mentzel, Lichtenstein, e.a. Baie van die reisverhale is alweer opnuut uitgegee deur die Linschooten, en die Van Riebeek verenigings.

(c) Ander Bronne: Hieronder word gereken

i. Dagboeke van burgers aan die Kaap, b.v. A. Tas.

ii. Briewe van 'n persoonlike aard, b.v. die Groenewald-briewe (sien die lys van geraadpleegde werke agterin.)

4. MOEILIKHEDE.

Die student wat 'n ondersoek oor die wording van Afrikaans aanpak het soms met baie groot moeilikhede te kampe.

Die eerste en grootste moeilikheid is die gebrek aan voldoende bronne, veral vir die eerste honderd jaar na die ontstaan van die volksplanting aan die Kaap die Goeie Hoop - 'n gebrek wat in hierdie geval 'n baie belangrike rol speel, omdat daar gedurende die eerste honderd jaar belangrike veranderinge op taalgebied moes plaasgevind het. Die gevolg van hierdie gebrek is dat ons die ontstaansdatum van sekere veranderinge maar naasteby deur gissing moet probeer benader, omdat daar in sommige gevalle maar bloedweinig voorbeelde is van 'n bepaalde verskynsel, en van ander weer glad niks nie. Byna altyd moet ons maar in die duister rondtas om te probeer uitvind welke faktor die aanleidende en deurslaggewende was by 'n bepaalde verandering.

Hierdie gebrek aan voldoende bronne word nog sterker gevoel as ons daaraan dink dat daar allerhande bykomstige faktore is wat die ondersoek van die bestaande bronne bemoeilik. Ek dink b.v. daaraan dat al die bronne nie bymekaar versamel is in een gebou nie. Soms is hulle nie in een land nie. So is daar 'n groot hoeveelheid dokumente wat vir ons van belang is byeenversamel in die koloniale argief in Nederlnd. 'n Ander faktor wat ons ondersoek moeilik maak is die feit dat die fiskale en klerke aan die Kaap nie deurgaans dieselfde skryftekens gebruik het nie. Dit bring mee

dat 'n mens soms met skrifbeelde te kampe het wat meer na hiërogliewe as iets anders lyk.

By dit alles kom nog die moeilikheid dat van so baie stukke in die Kaapse Argief nog g'n behoorlike inventaris gemaak is nie. Dit vergroot die hoeveelheid stof wat 'n mens moet deursnuffel.

By die reeds genoemde moeilikhede, is daar egter ook nog besware heeltemal van 'n ander aard, en dit het betrekking op die reisverhale. So is daar b.v. reisigers wat onjuiste opmerkings met huid en haar oorgeneem het uit die verhale van hulle voorgangers, 'n gebruik wat ons aan die eenkant moet toeskrywe aan 'n sug om buitegewone dinge mee te deel en aan die anderkant aan 'n natuurlike begeerte by reisigers om blykbare onkunde te verberg. Ek dink hier b.v. aan die baie reisigers uit die ou tyd wat vertel van die binnelande-Suidafrikaanse Ryk Monomotapa.

In ander gevalle weer is 'n reisverhaal nie vertroubaar nie, eenvoudig omdat die skrywer nie genoegsaam vertroud was met die omstandighede van die land nie. Hy was miskien 'n rukkie aan die Kaap en het heel waarskynlik die direkte omgewing van die Kaap bekyk en wat hy daar gesien het gaan hy dan aanneem as norm vir die hele kolonie. Van heersende binnelandse toestande, gewoontes, gebruik,

s.s.m., weet hy g'n lor nie. 'n baie mooi voorbeeld hiervan kry ons in 1804. Captain Robert Percival[1] wat in 1795 saam met die troepe van sy Britse Majesteit aan die Kaap geland het, en wat maar kort toertjies na die binneland onderneem het, skrywe van die Boere as volg:-

"..... for a Dutch boor, or farmer, if he finds his cattle lazy, or stopping from fatigue, or where they meet with obstacles which their strength cannot easily surmount, will not hesitate to draw out his great knife and score their flesh, or even cut slices off without mercy". Laat ons toegee dat hy miskien een of selfs twee 'boere' gesien het wat sulke gruweldade gepleeg het; maar om aan te neem dat dit die algemene gebruik was van die Boere, bevredig my gladnie, temeer nog waar dieselfde Captain Percival deur ander uitlatings in dieselfde werk, toon dat hy die Afrikaner nie goedgesind is nie. Dit bring ons dan by 'n ander gebrek van reisbeskrywings en dit is n.l. die houding wat die skrywer inneem teenoor die nasie of volk wat hy so goedgunstiglik vir ons beskrywe. Hoe kan ons anders die volgende uitlatings van die seer agtingswaardige Captain Percival verklaar, waar hy meedeel:-

"Those earliest settlers giving a favourable report of the station (d.i. die Kaap) were quickly followed by others; and the Dutch government exerted

---

1) An account of the Cape of Good Hope 1804, 58.
2) dies., 11.

<u>people the colony by transporting a number of convicts, male and female (dit staan daar), from their poor houses and houses of industry, together with such disorderly and idle persons as they could pick up in the sea-ports and trading towns."</u>? En die volgende:-

"The recruits sent out from Holland to Asia, as well as many of the <u>late and present</u> race of colonists at the Cape, have long been for the most part composed of profligate wretches, chiefly kidnapped from the Sea-port towns and country in their vicinity, and unhappy emigrants from the different German States, who from the poverty and the despotism of their princes. At Batavia many of those unfortunate people find a grave, and an end to their misery and slavery."?

'n Ander groot gebrek van reisbeskrywings is die feit dat die skrywers altyd daarna strewe om dinge te beskrywe wat onbekend is vir hulle lesende publiek. Die gevolg hiervan was dat die ou reisigers byna uitsluitend die aandag gegee het aan die kleurlinge, omdat die kleurling 'n besondere, 'n merkwaardige natuurskepsel was vir hulle. Dit geld vir die Hollandse reisigers sowel as vir die anderes. Die inboorling met sy taal, sedes, gewoontes e.a. in die

---

1) Waar nie anders vermeld nie is die kursivering orals van my.
2) t.a.p. 241.

Author Coetzee A J
Name of thesis Die wording van Afrikaans gedurende die 17e en 18e eeue 1930

PUBLISHER:
University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.